WERKKAART 2 : Di. 5 Mei 2020

# Probleemoplossing

ONTHOU JOU 3 stappe !!!

Die prys vir 'n boks met 5-liter emmers vol olie is R899. Aangesien van die olie nie bruikbaar is nie, is die prys verminder met R367. Wat betaal die persoon vir die boks olie?

→ Die prys het met R367 minder geraak!

'n Vrugtesmous verkoop vrugte aan verskillende winkels. Hy verkoop 256 pere, 198 appels en 367 lemoene in een maand. Hoeveel vrugte het hy verkoop?

Wenk: Doen jou berekening met slegs 2 getalle op 'n slag

'n Boer sukkel om van sy varke te verkoop. Hy verminder die oorspronklike prys van een vark met R163. Hy verkoop die varke teen R 938 elk. Wat was die oorspronklike prys wat die boer vir sy varke wou gehad het?

Wenk: R938 is die prys nadat dit verminder het.

Ek skryf 'n opstel van 800 woorde. Ek het al 567 woorde geskryf. Hoeveel woorde moet ek nog skryf om klaar te wees?

Daar is 650 sitkaartjies en 69 staankaartjies vir die konsert verkoop. Hoeveel kaartjies is altesaam verkoop?



© www.bolandsejuffie.co.za (2020)